DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.
Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**
Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

Die koskas is feitlik leeg

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OM DIE KOUE TE VERDRYF?

Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 20 Sondag 7 Julie 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste :
Ouderlinge: Wyk 1 **Chris van Ryssen** en Wyk 2 **Klaas Wyma.**
Diakens: Wyk 1 **Vakant** en Wyk 2 **Frans Drijfhout.**
TEEBEURT: Susters wyke 7 Marli Nortjé en 8 Mari Badenhorst

EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

Onthou die middagdiens begin om **17:00** in die winter

OGGEND: Ons is dankbaar dat prof. Callie vanoggend weer sy preekbeurt in die gemeente waarneem. Ons is die Here dankbaar dat Hy prof. Callie, na sy siekte, met nuwe krag versterk het en beterskap geskenk het. Mag u en Susan elke dag die troue liefde van ons Here ervaar. Seën word u op die Woordbediening vanoggend toegebid.

Vooraf sang: Psalm 42:1, 5
Skriflesing: Psalm 73
Sang tydens die erediens: Psalm 149:1, 2; Psalm 119:27; Psalm 130:1, 4; Psalm 73: 1, 12
Sang na afkondigings: Psalm 138:3, 4.

MIDDAG: Erediens om 17:00
Woordbediening: Psalm 25 (AFR'20).
Fokusverse: Psalm 25:4, 5.
TEMA: *"Leer my u weë…" is 'n gebed om my eie wil te versaak en God se goeie wil te gehoorsaam – in die kerk en by die werkplek.*
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 49, V&A 124.
Sing: Psalm 135:2, 3; Psalm 40:2, 3, 4; Psalm 25:2, 4, 5; Psalm 86:6.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en in die rooi sakkies vir **Thusofonds**
Vanaand: ***Diens van Barmhartigheid*** *(blou)*en ***Kerkkas*** *(rooi)*
(Volgende week se spesiale kollekte is vir **Klassis Potchefstroom Sustentasiekas)**

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Pieter Gloy ondergaan Dinsdag 'n knievervanging in Klerksdorp. Ons bede is dat ons Vader die operasie sal seën asook die herstelproses daarna. Ons bid ook vir krag en genade aan Mabel en hulle dierbares, saam met Pieter.

Nico Malan is Woensdag oorgeplaas na Rosetuin se versorgings-eenheid. Ons verseker Nico, Leoné en ook Tom, Cornelia en Theon van ons voorbidding vir hulle.

Koos Roos het die afgelope week ondersoeke ondergaan met die oog op moontlike chirurgie vir 'n aneurisme in die aorta. Dokters het geoordeel dat die risiko met chirurgie te groot is en dat dit met medikasie beheer sal word. Ons dra Koos en Ina in ons gebede aan ons hemelse Vader op.

Emmarentia Stoop is Maandag uit Medikliniek ontslaan en is terug by Huis Anna Viljoen. Sy is na die Suidgang, nader aan die diensstasie verskuif. Haar gesondheid is nog steeds onder geweldige druk en dit is ons bede dat Emmarentia met nuwe krag versterk mag word.

Ria Esterhuizen word nog steeds in die Potchefstroom Hospitaal behandel vir multi orgaanversaking. Ons bede is dat Ria met nuwe krag versterk mag word en dat Hanlie en Kylie en Ian die bemoediging van ons Here mag ontvang.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Dit is ons bede dat u ryklik vertroos sal word deur ons hemelse Vader wat ons in alle verdrukking bemoedig:

Abram Kruger is Maandagaand in die ouderdom van 97 jaar oorlede. Sy begrafnis vind môre om 11:00 by die Dassierand begraafplaas plaas en die troosdiens daarná in ons kerkgebou. Ons bid Annatjie ryke vertroosting toe.

Elize Bezuidenhout is Sondagaand oorlede. Toe *Op die Kerkwerf* voorberei is, was alle reëlins nog nie gefinaliseer nie en sal, sodra dit bekend word, deurgegee word. Ons bid ook **Morné** ryke vertroosting toe na die dood van sy moeder.

Annemarie Steyn is Woensdagaand oorlede. Toe *Op die Kerkwerf* voorberei is, was begrafnisreëlings nog nie bekend nie en sal ook sodra dít bekend is, deurgegee word. Ons bid Annemarie se kinders en kleinkinders en almal wat naby aan haar geleef het, ryke vertroosting toe.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het:
Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van **Nelis** en **Dina Coetsee** wie se kleindogter hierdie naweek in die GK Lyttleton gedoop word. Hiermee deel ons ook in die vreugde van grootoupa en –ouma, **Peet** en **Elsie Buys**. Nelis en Dina sal dan vir twee weke saam met hulle kinders wat uit Nederland kom kuier het, kuier. Mag die tyd van saamwees vir u ryklik geseënd wees!

Ons hartlike gelukwensing aan **Magrieta Pelser** wie se kleinseun Ammie verlede Saterdag in die huwelik bevestig is. Mag die huwelik ryklik geseënd wees.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende die week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuw lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Di	09/07	**Attie Viljoen**. Wyk 3

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
Ma	8/07	10:00	Hoërskoolkatkisasie	Jeuglokaal
		11:00	Begrafnis: Abram Kruger	Dassierand begraafplaas en Kerkgebou
Di	9/07	09:00	Telkommissie	Kerkkantoor

KATKISASIE	Sondag 14 Julie	Sondag 21 Julie
Lesrooster:	Les 15	Les 16
Psalmvers:	Psalm 37: 2	Skrifberyming 1-1: 7 r 1-4
Heidelbergse Kategismus:	Sondag 42	Sondag 43
Memoriseerwerk (Gr. 1-2)	Eksodus 20: 4	Eksodus 20: 5
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 1 & 2: Wyk 3 Graad 3 & 4: Wyk 4	Graad 5 & 6: Wyk 5 Graad 7: Wyk 6
Hoërskoolkatkisasie	Les 13	Les 14

VAN DIE BREë KERKRAAD

KENNISGEWING AAN FUNKSIONARISSE: G-REMOTE TOEGANGSBEHEER VAN HEK

Funksionarisse wat toegang tot die kerkterrein verkry deur van die G-Remote toepassing op hulle telefone gebruik te maak, moet asseblief kennis neem dat dié toepassing vanaf 31 Augustus 2024 nie meer funksioneel sal wees nie. Die MyCentsys Remote toepassing kan afgelaai word. Dit neem die funksie van G-Remote oor.

DS. JANNES – VERPLIGTINGE BY DIE FAKULTEIT TEOLOGIE

Die kerkraad het toestemming verleen dat ds. Jannes vir die tydperk tot 12 Augustus instaan vir prof. Chris van der Walt wat in hierdie tyd met navorsingsverlof is. Ds. Jannes sal die klasse in Ou Testament vir tweedejaarstudente en Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament vir derdejaarstudente aanbied.

'n VRIENDELIKE VERSOEK.

Dat lidmate asseblief alle afkondigings en berigte vir *Op die Kerkwerf* aan die kantoor deurgee teen Donderdag om 12:00 sodat ons die aanvullende afkondigings wat tydens die konsistorie-vergadering geopper word tot die *absolute minimum* kan beperk. Ook, al is die predikante bewus van meelewingsafkondigings, dat dit, ter wille van volledigheid ook na die kerkkantoor toe deurgegee word. Mense vergeet maar en ons het mekaar se hulp nodig.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Daar is geen huweliks herdenkings waarvan ons weet nie maar ingeval daar 'n egpaar is wat 'n huweliksherdenking vier mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

WAT VAN 'N KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang

- Ds HJ (Herman) Coetzee van GK Amanzimtoti na GK Empangeni
- Ds GP (Gerrie) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Graaff Reinet
- Ds GP (Gerrie) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Okahandja (Namibië)

Beroepe aanvaar

- Proponent BM (Marten) Boersema na GK Oos Londen
- Ds R (Reghard) Janse van Rensburg van GK Delmas na GK Keetmanshoop/Mariental (Namibië)

Beroepe bedank

- Proponent BM (Marten) Boersema na GK Vryheid
- Ds R (Reghard) Janse van Rensburg van GK Delmas na GK Okahandja (Namibië)